



Die normale ritme van Die Skietlood word soms onderbreek deur die plaas van belangwekkende dokumente wat onmiddellike aandag geniet. Die Predikante beraad se verslag gaan dien voor die Bondsvergadering. Die inhoud van die verslag raak elke lidmaat. Om gesprek te stimuleer, word die verslag (met toestemming van die Voorsitter) nou reeds publiek gemaak. Dit gaan vir baie lidmate net weer die geleentheid gee om oor die elemente van die erediens na te dink en met (dalk groter) begrip deel te neem.

VERSLAG: BERAAD OOR LITURGIE GEHOU OP 20-21 MAART 2018

Die predikante wat die beraad kon bywoon, het die uitruil van gedagtes oor die inkleding van die erediens baie stimulerend gevind. Ons sê baie dankie aan dr. Johan Otto wat uitgebreide notas van die gesprek gemaak het en dit vir ons in 'n verslag verwerk het, ook almal wat daarna saamgewerk het om dit volledig te kan maak. Hiermee stel ons dus ons ander kollegas, en veral ouderlinge, in staat om aan die gesprek deel te neem sodat ons almal saam kan groei om, wanneer die tyd daarvoor ryp is, 'n goeddeurdagte eindproduk daar te kan stel.

Om algemene begrip, deelname en verdieping te bewerkstellig, het ons die betekenis van elke element van die erediens probeer vaspen, maar ook probeer om nader te beweeg aan 'n eensgesinde en eenvormige benadering tussen alle Bondsgemeentes. Dit sal 'n

gemeenskaplikheid vestig waaraan Skrifgetroue gemeentes uitgeken kan word, en Bonds-lidmate met vrymoedigheid en hartlikheid kan deelneem. Die twee dae was te kort om die laaste elemente behoorlik deur te praat, maar oor die meeste sake is konsensus bereik. Andersins is aangedui waar daar verskillende menings of gebruike is. Ons vertrou dat u die verslag oor die gesprek insiggewend en stimulerend sal vind, en wanneer gewone lidmate dit lees, hulle 'n nuwe begrip en waardering sal ontwikkel vir die manier waarop ons as Bybel-gefundeerde protestante die erediens benader.

• **DIE EREDIENS**

Die erediens is 'n besonderse, buitengewone geleentheid omdat dit 'n ontmoeting tussen God en gelowiges is. Ons weet dat die Here oral teenwoordig is, maar glo dat die erediens 'n geleentheid is waar 'n groter groep gelowiges in God se teenwoordigheid byeenkom met die behoefte om spesifiek op God se openbaring te fokus. Só tree God op 'n besondere wyse deur Sy Woord met ons, Sy kinders, in gesprek. Elke element van die erediens gee dus uitdrukking aan 'n faset van hierdie geloofs-opbouende tweegesprek. Die Heer praat, en ons antwoord op wat Hy sê. 'n Liturgiese orde is die manier hoe orde en struktuur aan hierdie gesprek tussen God en mens gegee word.

Gelowiges gaan na die erediens in die verwagting dat hulle God daar gaan ontmoet en kan dien. So word die

erediens 'n plek waar die mens wat gekom het om God te kom dien, met die Evangelie bedien en gevoed word. Selfs al sou dit gebeur dat nie elke preek ewe verstaanbaar of toepaslik deur elke gelowige ervaar word nie, doen dit nie noodwendig afbreuk aan die sinvolheid van die erediens nie. Die doel is om God te kom dien, 'n Bybelse boodskap te kan ontvang, en om van God se genade deur Jesus verseker te kan word. Al het 'n lidmaat net die Wet, Geloofsbelydenis en Skriflesing gehoor, dra dit tog by tot die groter doel van die erediens.

Opsommend verstaan ons die erediens as 'n gesprek tussen God en mens en wel soos volg:

-In die gefokusde teenwoordigheid van God, is dit Hy wat die gemeente groet met die **seëngroet** by monde van die predikant. Die loflied daarna is die gemeente se antwoord op hierdie groet.

-Deur die **Wet** maak God aan die mense bekend hoe Hy wil hê dat hulle moet lewe en Sý lig in die duister moet laat skyn, deur sigbaar anders as die wêreld te lewe. Die lied waarmee die gemeente antwoord, is gewoonlik 'n erkenning van skuld en 'n onderneming tot nuwe toewyding en gehoorsame dankbaarheid.

-Die **Geloofsbelydenis** herinner ons aan die kernwaarhede van die geloof en grens ons af teen die ongeloof, bygeloof en valse godsdienste in die samelewing. Met die lied daarna bevestig die gemeente hierdie ware geloof en ook hulle vaste vertrouwe op God deur Jesus Christus.

-Met die **Skriflesing** kom God direk aan die Woord, waarop die gemeente met gebed en sang antwoord.

-In die **preek** word God se Woord binne die konteks van die héle Skrif aan die

gelowiges verstaanbaar gemaak, en antwoord die gemeente weereens daarop met 'n paslike gebed en sang.

-As afsluiting van hierdie formele gesprek, groet God aan die einde Sy gemeente met 'n **seëngroet**, en dan kan almal, met die vrede van God in hulle harte, terugkeer na waar hulle hulle lewe as versterkte gelowiges kan voortsit.

-Die **offergawes** wat by die deur gegee word, is 'n erkenning van God se versorging, en 'n nederige manier om op Sy barmhartigheid te antwoord.

Wat dus op 'n Sondag tydens die erediens plaasvind, gebeur met God in die middelpunt, en deurentyd tot Sy eer. Dit is ook 'n geleentheid waar die gemeenskap van gelowiges beoefen word. Die doel van die byeenkoms is dat God (suiwer) aan die woord sal kom. Lidmate moet deel wees van elke element van die erediens, en daarom moet elke element sin maak. Ons gaan egter nie voor druk swig om mense en hulle behoefte aan vermaak, valse versekering en oppervlakkigheid tegemoet te kom of om die mens in die middelpunt te plaas nie. As God nie aan die woord kom en die middelpunt bly nie, is die byeenkoms nie 'n erediens nie. God het mense na hierdie gesprek opgeroep, en ons teenwoordigheid is ons antwoord op God se liefdevolle roep. Dit is dan ook een van die redes waarom Hebreërs 10:25 ons aanmoedig om nie van die *samekomste van die gemeente af weg te bly nie*.

• **ELEMENTE VAN DIE EREDIENS**

Wanneer ons in die kerk sit vóór 'n erediens begin, is dit tyd vir 'n stil gebed. Terwyl slegs die *Onse Vader* ons voorskryf vir die inhoud van al ons gebede

is, kan ons vir 'n wyle in hierdie stil-gebed die Vader smee dat Hy, in hierdie erediens, tot ons elkeen se hart, verstand en hand sal spreek: *“Laat u Koninkryk kom ... ook met hiérdie erediens, in my hart en siel.”*

- **Handdruk van instemming**

Wanneer die predikante en die kerkraad die erediensruimte betree, is dit die gebruik dat die ouderling wat gaan voorlees die predikant 'n handdruk gee. Hierdie is meer as net 'n gebaar om die prediker sterkte toe te wens. Die handdruk verteenwoordig die toestemming van die ouderlinge aan die predikant om die kansel te mag bestyg om die Evangelie te bedien, en bevestig tegelyk hulle verwagting dat hy die Evangelie na die beste van sy vermoë, suiwer en verstaanbaar sal verkondig. Dit is simbolies van die ouderlinge se Bybelse opdrag om die wolwe uit die kudde van God te weer.

- **Toetredelied**

Die gemeente sing 'n lied wat bevestig dat hulle bly is om formeel saam in die teenwoordigheid van die Here te kan wees. Toetrede-liedere is óf 'n gesprek met God, óf 'n wederkerige lied oor die vreugde om in God se teenwoordigheid te kan verkeer. 'n Toetrede-lied berei mense voor op die erediens. (Toetredeliedere is nie by al die Bondsgemeentes in gebruik nie. Die sg. *introitus* lied, wat bloot ten doel het om die kerkraad te begelei wanneer hulle die kerkgebou binnekom, het geen tradisionele of teologiese waarde nie en moet daarom vermy word.) Die Toetredelied is nie deel van die erediens nie aangesien dit die votum en seëngroet voorafgaan.

Gemeentes wat dit sing, doen goed, en die wat dit nie sing nie, doen ook goed.

- **Groet**

Die gebruik dat 'n predikant die gemeente voor die aanvang van die erediens groet, en die gemeente dan daarop antwoord, kom nie algemeen binne die Bond voor nie. Sommige voel dat só 'n groet inbreuk maak op die heilige aard van die erediens as 'n ontmoeting tussen God en die gemeente. Ander voel weer dat dit die broederlike manier is om mekaar só te groet voordat die erediens in aanvang neem.

- **Votum**

Die votum word verstaan as dat dit die platform is waarop God se seëngroet, wat daarna volg, berus. Dit is deel van God se begroeting en 'n manier waarmee Hy Homself bekendstel. Hiermee neem die erediens formeel in aanvang. Die gebruik is om 'n teksvers (of verse) uit die Bybel aan te haal wat daarop dui dat die begin in die Naam van God is. Teks-aanhalings as votum is 'n manier om te verklaar dat dit God is wat die erediens byeenroep, en dat die Woord en die Woord se gesag deurslaggewend gaan wees in die erediens. Die votum kan afgewissel word deur Bybelgedeeltes wat nouer aansluit by die Skriflesing en boodskap van die prediking.

- **Seëngroet**

Omdat dit God is wat die mense oproep vir die gesprek, is dit paslik dat Hy eerste aan die Woord sal kom. Dit is dan waarom die erediens begin en eindig met die uitspraak van God se seën. Die seën word in opdrag van die Here (Numeri 6) uitgespreek. Daar is verskeie seënbedes

wat gebruik kan word, nie almal Trinitaries (bevestiging van God se Drie-Eenheid) in vorm nie, maar die Drie-Eenheid van God word veronderstel. Die predikant spreek met uitgestrekte hande/hand die seën uit.

- **Liedere**

Gemeentesang was nog altyd 'n wesentlike deel van 'n Protestantse erediens in die ontmoeting met God. Met sang word die Here geloof en geprys, word skuld erken en berou getoon, en word gejubel oor God se genade. Elke lied is 'n antwoord op God se Woord. Die loflied is 'n blye antwoord op God se seëngroet. Sommige liedere is opregte skuldbelydenisse en ander gee weer uitdrukking aan diepe dankbaarheid. Elke lied wat gesing word, vloei ineen met die verloop van die erediens. Dit is die liturg se verantwoordelikheid om, in samewerking met die orrelis, die liedere só te kies en te gebruik dat dit die ontmoeting met God verdiep.

Die eerste 150 liedere is berymings van die Bybelse Psalms. Dit word as Psalms in die Liedboek aangedui, en ons kondig dit ook as sodanig aan. Die oorblywende liedere word Gesange genoem en word eweneens na verwys as "Gesange". Ons het gekies om nie die Psalms en Gesange as "**Lied nommer ...**" aan te kondig nie. Die liedere-skat van die Bond strek egter wyer as die 2001 Liedboek. Daar is bekende en baie bruikbare Psalms en Gesange in vorige uitgawe(s) van die Psalm- en Gesangeboek wat nie in die Liedboek opgeneem is nie. Die vierde vers van *Die Stem* is ook goedgekeur vir gebruik in Bondsgemeentes.

Die eerste lied wat opklink tydens die erediens, is die **loflied**. Deur die seëngroet raak gelowiges bewus dat God Drie-Enig hulle raakgesien het, en daarvoor juig ons. Gelowiges weet ook dat elke mens se hoofzaak op aarde is om God te loof, te prys, te dien en te eer, en dit word in die loflied bevestig. Die predikant kies 'n loflied wat inskakel by die inhoud van die Skriflesing en prediking. Sommige predikante laat die voorlees-ouderling 'n oorgang-sin voorlees tussen die Lofsang en die Wet.

Daar moet moeite gedoen word om binne die verskeidenheid wat die Liedboek bied, Psalms en Gesange te gebruik wat inhoudelik by die Skriflesing en prediking aansluit. 'n Liedboek-konkordansie kan vir hierdie doel ingespan word.

Almal stem saam dat die kwaliteit van die orrelis se begeleiding 'n groot bydrae maak tot die sinvolheid van die gesprek tussen mense en God en mens tot mens.

Terwyl sommige voel dat sterker melodieë 'n groot bydrae lewer om die atmosfeer van die erediens aangenaam te maak, is daar ander wat voel dat die melodie en begeleiding 'n ondergeskikte, onopsigtelike draer van die woorde moet wees en dat die gebruik van musiek om atmosfeer te skep, strydig is met die nugtere aard van die Protestantse erediens.

In plaas daarvan om een of al die verse voor te lees, kan 'n opsomming van die inhoud van die Psalm of Gesang aan die gemeente voorgehou word.

- **Die Wet**

Binne die Christelike geloof, vervul die Wet (10 Gebooe) verskillende funksies: 'n Spieël waarin jy jou eie sondigheid kan raaksien om jou tot berou te lei; om jou te herinner aan die straf wat God belooft het vir oortreders; 'n geleentheid om jou tot berou te bring; 'n openbaring oor waarvoor jy om vergifnis moet vra; 'n klagstaat wat jou laat besef hoe afhanklik jy van God se genade deur Jesus Christus is; en 'n leefstyl wat verlore mense dankbaar aangryp om hulle lewens mee in te rig, en rein in God se teenwoordigheid en in 'n sondige wêreld te kan leef. Hierdie verskillende funksies kan afsonderlik of gekombineerd aangekondig word in die aanhef tot die Wet. Dit is ook goed as die keuse by die strekking en inhoud van die Skriflesing en die preek aansluit. Die lied wat as antwoord na die aanhoor van die Wet gesing word, sluit aan by die keuse van 'n inleiding wat die Wet vooraf gegaan het: Skuldbelydenis, berou, verootmoediging, pleit om vergifnis, bede tot vernuwing, verklaring van voorneme tot 'n dankbare, gehoorsame en rein lewe.

Die voorlees van die Wet, in watter hoedanigheid ookal, bly 'n integrale deel van elke erediens.

- Die Wet stel dat die Here regeer en daarom dui die Wet op die grense van die koninkryk van God. Die Wet is in dié geval die uitkeningsriglyn: Christene sal aan hulle optrede herken en uitgeken word as burgers van God se Koninkryk. 'n Loflied oor God se Koningskap word in hierdie geval na die Wet gebruik.
- Die Wet roep die gemeente tot orde en laat hulle besef dat hulle sonder

meriete daar staan. Die Wet is in hierdie konteks die *Shama Israël* (hoor) Israel, die wekroep om na God te luister. 'n Lied van verootmoediging volg op sodanige gebruik van die voorlees van die Wet.

- Die Wet word ook gelees om God se wil aan te dui ten opsigte van etiek. Dit kan moontlik in kombinasie met die vrugte van die Gees in Galasiërs 5 gebruik word.
- Die twee tradisionele funksies van die Wet kan saam met die ander funksies in die liturgie afwisselend gebruik word. Die Wet is *tugroede* na Christus en daarop volg die skuldbelydenis: Die gebruikelike skuldbelydenis na die voorlees van die Wet, word gebruik in die gevalle waar die Wet as *tugroede* na Christus aangedui word.
- Die Wet is reël van dankbaarheid. 'n Toewydingslied word gesing nadat die Wet as reël tot dankbaarheid voorgehou is.

Die volledige 10 Gebooe en die opsomming kan afwisselend gebruik word. Die gemeente moet egter daarop gewys word dat die opsomming nie 'n nuwe reël tot gehoorsaamheid (byv humanisme) daarstel nie, maar as opsomming van die 10 Gebooe bedoel is.

Enkeles is van mening dat die afwisseling met die opsomming van die Wet verder afgewissel kan word met ander etiese uitsprake in die Bybel en selfs vervang kan word met eties-gerigte liederes. Daar is ook die mening dat daar net gehou sal word by die twee weergawes van die 10 Gebooe; aangesien dit die belangrike kern vorm van 'n gelowige se skuldbelydenis en uitkenbare geloofs-

lewe, wat juis ontbreek in die gewetes van baie.

- **Genadeverkondiging**

Die genadeverkondiging as genadewoord van God (by monde van die Ouderling) volg op die skuldbelydenis van die gemeente. Dit sal verkeerd wees om die afleiding te maak dat alle skuld oombliklik vergewe is by die blote aanhoor van die Bybelgedeeltes oor vryspraak. Dit kan ook nooit 'n Roomse *ego te absolvo* (ek vergewe jou) wees nie, maar is bloot 'n Skrifgefundeerde versekering dat God die mens se sonde, ná skuld-erkenning en ware berou, in Christus vergewe het. In die Reformatoriese konteks pas skuldbelydenis en genadeverkondiging bymekaar. Indien die Wet as reël tot dankbaarheid gebruik word, word die genadeverkondiging en aanmoediging tot dankbaarheid vóór die voorlees van die Wet geplaas.

- **Die Geloofsbelydenis**

Ook die Geloofsbelydenis is 'n integrale deel van die erediens. Die gebruik om jou geloof te bely as antwoord op die genadeverkondiging, is van vroeg af deel van die Reformatoriese tradisie. Dit omvat die kern van dit wat die Christelike geloof anders maak as ander gelowe, en trek tegelyk die lyne reguit m.b.t. die ware geloof teenoor verdraaiings van die Skrif.

Oor watter Geloofsbelydenis binne die erediens gebruik word, is daar verskeie moontlikhede. Een moontlikheid is gebaseer op die tradisie dat die Wet, skuldbelydenis en genadeverkondiging, die 12 Artikels (Apostolicum), die Onse Vader en die prediking (en sakramente) die basis van die Reformatoriese liturgie

vorm (Heidelbergse Kategismus). Tog is dit so dat die Nicéaanse Geloofsbelydenis goed aangewend kan word in 'n tyd waar Jesus se Godheid ontken word. Die 12 Artikels word by voorkeur gebruik omdat dit, net soos die 10 Geboorte en die Onse Vader, in die Heidelbergse Kategismus opgeneem is as deel van die kern-geloofswaarhede, en tydens kategese geleer word.

Tog is daar drie Geloofsbelydenisse wat die Protestantse geloof verteenwoordig en behoort almal bekend te wees met die inhoud van al drie. Die voorlees van die Geloofsbelydenis bevestig ons kern-geloof, herinner ons daaraan, leer nuwelinge waarvoor geloof gaan, bevestig die waarheid daarvan by ouer gelowiges, en laat almal nadink oor die detail van God se genade. Juis daarom kan daar in die voorgestelde liturgieë afwisselend van al drie gebruik gemaak word. So kan die belydenis vernoem na Atanasius gebruik word tydens 'n Heidelbergse Kategispreek oor Jesus se twee nature of oor die Triniteit (in hierdie geval kan net deel 1 of 2 van die belydenis voorgehou word).

Die gebruik dat die gemeente dit hardop saam voordra, kom nie algemeen binne Bondsgemeentes voor nie. Daarvoor kry die gemeente na die aanhoor van die Geloofsbelydenis, 'n geleentheid met die lied, om te bevestig dat hulle hulle met die inhoud daarvan identifiseer en daaroor jubel.

Enkele stemme noem ook die moontlikheid dat die Geloofsbelydenis soms vervang kan word met 'n toepaslike lied, terwyl ander voel dat daar nie

afgewyk moet word van die aanvaarde Geloofsbelydenisse nie.

- **Gebed**

'n Gebed is altyd 'n gesprek met God. Predikante moet dus hulle gebede doelbewus voorberei om nie die indruk te skep dat hulle steeds besig is om vir die gemeente te preek onder gebed nie. Die gebed moet aan elkeen wat teenwoordig is die voorreg bied om dankbaar, by monde van die predikant, met ons Hemelse Vader te kan praat. In plaas van 'n spontane gebed, kan die Onse Vader, die voorgeskrewe gebed in elke formulier, of 'n lied gebruik word.

Tradisioneel is die eerste gebed gerig op die Skriflesing en verkondiging (preek) en die tweede as antwoord op die prediking en voorbeding vir alle menslike behoeftes. Met die eerste gebed vóór die preek, word die Heilige Gees gevra vir leiding in die uitleg van die Woord sodat God sélf aan die Woord kan kom en gelowiges dit sal kan verstaan. Terselfdertyd word gevra om kalmte en vrede in elkeen se hart sodat God se stem gehoor kan word. In enkele gemeentes word 'n soortgelyke, korter gebed direk voor die Skriflesing herhaal.

- **Skriflesing**

Binne die Reformatoriese (Hervormde) tradisie is dit on-onderhandelbaar dat die Bybel die sentrale plek in die erediens sal inneem, en dat die prediking die toepaslikheid van daardie spesifieke Skrifgedeelte op gelowiges se denke en gedrag sal uitwys. Dit geld vir elke erediens, insluitend spesiale geleenthede soos 'n troue, begrafnis, Kerssangdiens, ens. Die keuse van Skriflesing en die

inhoud van die preek sal uiteraard ooreenstem met die besondere geleentheid.

Ons is oortuig dat die Bybel die Woord van God is. Wanneer die Bybel gelees word, kom God self aan die Woord. Waar Skriflesing en/of prediking ontbreek, kan 'n erediens hoogstens as 'n sosiale byeenkoms beskou word. God het gekies om Hom in die Skrif te openbaar, en wanneer daar uit die Bybel gelees word, kom *“So spreek die Here, Here”* tot sy reg. In die afwesigheid van hierdie openbaring, verval alles wat gesê word in sake wat nie direk verband hou met die Evangelie nie en selfs ook nie deur die Evangelie ondersteun word nie. Die lied wat na die Skriflesing volg, herhaal en bevestig die inhoud van die Skriflesing, kan reeds 'n uitleg daarvan wees, en kan ook by voorbaat 'n paslike antwoord daarop bied.

- **Prediking**

Om met 'n goeie gewete voor God te kan leef, moet 'n predikant baie tyd en moeite maak om by die boodskap van die gekose Bybelgedeelte uit te kom. Ons mag nie 'n ander boodskap verkondig as wat die spesifieke Bybelgedeelte verkondig nie. In 'n poging om daarby uit te kom, maak ons gebruik van die onderskeie Afrikaanse vertalings, die Griekse/Hebreeude teks (via aanlyn “Interlinear”-programme, bv Biblehub) en woordeboeke soos Strongs om die betekenisdraende woorde se woordvelde na te vors. Daarna tree ons, deur middel van die verskeidenheid goeie en betroubare kommentare (Calvyn, William Barclay, J.C.Ryle, e.a.) in gesprek met teoloë om ons eerste indrukke te toets en

terselfdertyd 'n idee te kry van hoe hulle hierdie boodskap verstaan en toepaslik gemaak het. Met al die agtergrondskennis deurgewerk, behoort die boodskap van die Bybelgedeelte helder en duidelik te wees. (Voordat die prediker die boodskap nie self verstaan, en die boodskap hóm aangespreek het nie, kan daar nie voortgegaan word om 'n poging tot 'n preek voor te berei nie.) Dan moet daar besluit word watter van die inligting wat versamel is, gebruik gaan word om die boodskap met maksimum effektiwiteit aan die gemeente oor te dra. Daarna word die struktuur van die preek uitgewerk wat die Inleiding, Betekenis en Toepassing en Opsomming omskryf. Groot moeite word gemaak om die eindproduk doelgerig, vloeiend, woord-vir-woord verstaanbaar, en steeds Bybelgetrou aan die gemeente oor te dra. Daar word eerder gepoog om 'n enkelvoudige boodskap te hanteer as 'n ingewikkelde, multi-faset aanbieding; aangesien 'n enkelvoudige boodskap behoorlik deurdink, hanteer en geleef kan word.

Alhoewel soms uitdagend, moet die Tekse-keuse en prediking by spesiale geleenthede pas by die boodskap van die geleentheid (Kerklike feesdae en sakramentsbediening, ens). Hiervoor is die Heidelbergse Kategismus die regte verwysingsbron om te raadpleeg.

Waarvan ons in die prediking ons weerhou, is om mense te probeer beïndruk met tegniese terme en mooi klinkende woorde en frases, die aflees van 'n bloot letterlike vertaling van geraadpleegde kommentare, of om 'n internet-preek as ons eie voor te hou

(plagiaat=diefstal!). Dit word aanbeveel dat jy preke van tyd tot tyd vir ander kollegas beskikbaar gestel word vir kritiese- en opbouende kommentaar.

- **Formuliere**

Die inhoud van die onderskeie formuliere verteenwoordig 'n Reformatoriese, Bybelgetroue verstaan van die saak waaroor die formulier handel. Daarom is die voorlees van die formuliere tydens die bediening van 'n sakrament noodsaaklik. Eerstens stel dit 'n Bybelse standpunt oor die aard en betekenis van die betrokke sakrament en funksioneer as sodanig as 'n vorm van kategesis. Terselfdertyd is dit Woordverkondiging én prediking omdat dit volledig op die Skrif gebaseer is en daarmee ooreenstem. Die sakraments-handeling daarna is ook inherent Woordverkondiging omdat dit die Evangelie op 'n sigbare manier uitbeeld.

Alhoewel dit moontlik is om Nagmaal en Danksegging direk na mekaar, of selfs tydens dieselfde erediens te laat plaasvind, moet dit ontmoedig word omdat die boodskap van die Nagmaal 'n behoorlike geleentheid gebied moet word om in te sink, en die oproep tot dankbaarheid nie op moeë ore val nie.

- **Seëngroet**

Aan die einde van die erediens is dit God wat Sy gemeente - by monde van die predikant - deur die uitspraak van die seën groet. Daarmee word die gelowiges uitgestuur om die inhoud van die erediens oor te dra na "die *erediens van die lewe*".

Die deurkollekte hou verband met die Bybelse opdrag (1 Korintiërs 16:2) om op die eerste dag van die week jou

dankoffers opsy te sit. Dit is uit dankbaarheid vir God se versorging en die barmhartigheid wat Hy aan jou betoon.

- **Amen sang.**

Die gebruik om 'n Amen-frase op die seëngroet te laat volg, het eers relatief onlangs in Afrikaanse kerke posgevat. Dit is egter nie voorskriftelik of algemeen onder Bondsgemeentes nie. Met die kern-betekenis van “*Mag dit waar wees*”, behoort dit 'n antwoord op die seëngroet van God te wees. Die erediens het egter reeds afgesluit met die seëngroet, en dit wat daarna gebeur, vorm nie deel van die erediens nie. Sommige gemeentes gebruik 'n wegsendings- of afsluitingslied na die diens om hulle afhanklikheid van God se beskerming in die lewe ná die erediens te bevestig.

- **Afwisseling van Liturgiese ordes**

Alhoewel ons 'n groterwordende verskeidenheid variasies op die liturgiese ordes geërf het, is daar meningsverskille oor die aanvaarbaarheid daarvan. Diegene ten gunste daarvan voel dat afwisseling 'n goeie teenvoeter vir stagnering en stereotipering is, en dat dit ook lidmate wat van afwisseling hou, in ag neem. Dié wat voel dat volstaan kan word met die basiese diensorde en dalk net een alternatief oorweeg behoort te word, vind variasie steurend en voel dat die afwisseling in votum, seëngroet en inleidende sinne tot die onderskeie erediens-elemente voldoende is om alle gebeure sinvol aan te bied. Daar is egter eenstemmigheid dat alle variasie altyd binne die perke van die basiese elemente sal geskied, elemente wat reeds deur eens-protestantse kerke prysgegee is.

- **Media**

Naas die liturgiese elemente wat deur die predikant georden word, is dit nodig om te besin oor die gebruik van digitale tegnologie.

i) Orrelis of vooraf-opgeneemde begeleiding - Dit is ongelukkig so dat die vaardigheid om 'n pyporrel só te kan bespeel dat gemeentesang sinvol begelei kan word, besig is om 'n skaars kommoditeit te word. Gelukkig is daar klankopnames van uitstekende pyporrel-begeleiding beskikbaar wat aan 'n klankstelsel gekoppel kan word om die gemeentesang steeds sinvol te kan begelei. Ritmiese en/of populêre “backtracks”, of opnames deur gospelsangers/groepe het geen plek binne die Protestantse erediens nie.

ii) Dataprojektor - Die gebruik van 'n dataprojektor het bepaalde voordele en is nuttig. Dat gemeentede kan opkyk na die woorde, maak dat die lugkanaal oop kom en makliker gesing kan word. Dit maak die gemeentede ook meer betrokke indien die Tien Geboie en 12 Artikels visueel gevolg kan word. Skrif-aanhalings tydens die prediking kan ook geprojekteer word, sowel as visuele grafika om bv Kinderdienste aan te vul. Die dataprojektor kan ook goed benut word tydens vergaderings, veral wanneer vertroulike dokumente soos die gemeente se begroting hanteer word.

iii) Leesdienste. In gemeentes waar aflos-predikante moeilik bekombaar is of 'n groot uitgawe behels, is dit 'n normale gebruik dat ouderlinge 'n geleentheid kry om goedgekeurde preke aan die gemeente voor te hou. Ouderlinge-vergaderings kan oorweeg om vooraf-opgeneemde video-preke op die skerm te projekteer in die plek van leesdienste.

AAN/AFKONDIGINGS

Sommige gemeentes hanteer die aan/afkondigings voor die erediens; ander doen dit na die erediens. Sommige

gemeentes stel gedrukte afkondigings by die deure beskikbaar, en ander projekteer dit op die skerm.

SLOTWOORD

Hierdie dokument verteenwoordig standpunte wat tydens die Beraad oor Liturgie in die gesprekke na vore gekom het, en is bedoel om Bybel-gebaseerde konsensus-denke te stimuleer ten einde 'n vars, nuwe, gesuiwerde, Skrifgetroue benadering tot die erediens te fasiliteer.

Ds Gawie Wolmarans
Potchefstroom-Die Wilge
25 Junie 2018